higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REGSPRAKTYK N5

(13030115)

18 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit uit 8 bladsye.

Copyright reserved

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REGSPRAKTYK N5
TYD 3 UUR
PUNTE 200

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil hê moet nagesien word nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is (VERPLIGTEND)
2. Beantwoord enige VYF vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae noukeurig.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Copyright reserved

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1-1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Die regstelsel is die fondament van 'n wanordelike samelewing.

1.1.2 'n Griffier ('registrar') doen die administratiewe werk in die kantoor van die hoë hof.

1.1.3 Pararegsgeleerdes het die bevoegdheid om 'n beskuldigde in 'n hof te verteenwoordig.

1.1.4 Regsadviseurs het gewoonlik dieselfde kwalifikasies as 'n prokureur of 'n advokaat.

1.1.5 Praktiserende prokureurs behoort aan die Prokureursorde op eie diskresie.

1.1.6 Internasionale reg is die reg wat in 'n spesifieke land afgedwing word.

1.1.7 Gewoontereg is die belangrikste bron van die Suid-Afrikaanse reg.

1.1.8 Verstekvonnis word gegee ten gunste van die verweerder.

1.1.9 'n Kort dagvaarding word uitgereik vir 'n gelikwideerde eis.

1.1.10 'n Persoon kan gevangenisstraf opgelê word vir langtermyn-onbetaalde skuld.

1.1.11 Herroeping ('Revocation') beteken dat alle vorige testamente beëindig word.

1.1.12 'n Getuie by 'n testament moet 18 jaar of ouer wees.

1.1.13 *Eksekuteur* verwys na 'n persoon wat 'n testament opstel.

1.1.14 Aangenome kinders is daarop geregtig om van hul biologiese ouers te erf.

1.1.15 Bloedverwante in die sylinie is mense wat aan die oorledene verwant is deur minstens een gemeenskaplike voorouer, soos broers en susters.

(15 × 2) (30)

Copyright reserved

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-M) langs die vraagnommer (1.2.1-1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Reg van 'n hof om 'n bepaalde saak aan te hoor	A	summiere vonnis
1.2.2	Hoogste hof in Suid-Afrika	B	kommissaris
1.2.3	Mondelinge getuienis in 'n hof	C	jurisdiksie
1.2.4	Voorsittende beampte in 'n hof vir klein rise	D	ooreenkoms
1.2.5	Voorgeskrewe tydsbeperking om kennis te gee van voorneme om te verdedig	E	likied
1.2.6	Misdaad om die regering van die staat, aan wie die oortreder trou verskuldig is, omver te werp	F	konstitusionele hof
1.2.7	Uitspraak ten gunste van eiser sonder 'n verhoor	G	ooreenkoms
1.2.8	Stelling onder eed gemaak waarin iemand verklaar dat alles daarin die waarheid is	H	beëdigde verklaring
1.2.9	Handeling wat twee individue bind	I	mondeling
1.2.10	Presiese bedrag skuld wat skriftelik erken word	J	tyd vir aantekening van verskyning ('dies indutiae')
		K	ooreenkoms
		L	illikied
		M	hoogverraad

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Copyright reserved

AFDELING B

Beantwoord enige VYF vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Noem enige SES verantwoordelikhede wat deur prokureurs in Suid-Afrika uitgevoer word. (6 × 2) (12)

2.2 Noem enige VIER personeellede wat by 'n prokureurspraktyk in diens geneem kan word. (4 × 2) (8)

2.3 Verduidelik enige VYF pligte wat 'n eksekuteur teenoor 'n kliënt het wat geen kennis van boedelbereddering het nie. (5 × 2) (10)
[30]

EN/OF

VRAAG 3

In Suid-Afrika is daar meer as een primêre bron waaruit die reg ontstaan het en waar dit gevind kan word.

3.1 Noem enige VIER van hierdie bronne. (4 × 2) (8)

3.2 Verduidelik elkeen van die VIER bronne genoem in VRAAG 3.1 en gee voorbeelde om die antwoord te motiveer, waar nodig. (4 × 4) (12)

3.3 Noem enige VYF liasseermetodes wat in 'n prokureurspraktyk gebruik word om 'n kliënt se lêers te berg. (5 × 2) (10)
[30]

EN/OF

VRAAG 4

4.1 Noem die TWEE rekeninge wat in 'n prokureurspraktyk gebruik word. (2 × 2) (4)

4.2 Verduidelik elkeen van die TWEE rekeninge genoem in VRAAG 4.1 en gee voorbeelde om die antwoord te motiveer, waar nodig. (8 × 2) (16)

4.3 Noem TWEE tipe ooreenkomste. (2 × 2) (4)

4.4 Noem enige DRIE inligtinGstukke wat in die opskrif van 'n ooreenkoms verskyn. (3 × 2) (6)
[30]

EN/OF

VRAAG 5

'n Etiese kode is 'n stel beginsels in 'n organisasie wat leiding gee by besluitneming en vir optrede by die werk.

5.1 Noem enige TWEE voorbeelde van 'n etiese kode in die regsprofessie. (2 × 2) (4)

5.2 Noem enige VYF van die agt onderafdelings waaruit 'n volledige eksekuteurslikwidasie en –distribusierekening bestaan volgens regulasies. (5 × 2) (10)

5.3 Definieer *volmag*. (2)

5.4 Verduidelik TWEE tipes volmag. (8)

5.5 Skryf kort aantekeninge oor 'n notariële ooreenkoms. (3 × 2) (6)
[30]

EN/OF

VRAAG 6

'n Landdroshof is die laagste hof in Suid-Afrika en is dus die hof van eerste instansie in die meeste sake.

6.1 Noem VYF sake waarin 'n landdroshof jurisdiksie het. (5 × 2) (10)

6.2 Gee DRIE voorbeelde van eise wat 'n verhuurder suksesvol teen 'n huurder kan hê. (3 × 2) (6)

6.3 Verduidelik 'n aanmaning aan 'n nuwe kliënt wat een aan 'n verweerder wil stuur. (7 × 2) (14)
[30]

EN/OF

Copyright reserved

VRAAG 7

7.1 Verduidelik hoe die sekretaresse van 'n prokureur te werk moet gaan om 'n lêer vir 'n nuwe kliënt te skep. (7 × 2) (14)

7.2 'n Beëdigde verklaring is 'n skriftelike verklaring waarin onder eed verklaar word dat dit die waarheid is en wat voor 'n kommissaris van ede onderteken word.

Noem enige VYF stukke inligting wat in 'n beëdigde verklaring verskyn. (5 × 2) (10)

7.3 Gee TWEE voorbeelde waar beëdigde verklarings gebruik kan word. (2 × 2) (4)

7.4 Iemand wat 'n beëdigde verklaring gee, word 'n ... genoem. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Copyright reserved